

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHWH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!*

## Parashah 35: Naso (נשא) – Op te lig

*YHWH het met Moshe gepraat en gesê: “Tel ook die koppe van die seuns van Gershon, volgens hulle vaders se huise, volgens hulle families, Num. 4:21 en 22 – PWL.<sup>1</sup>*

**Torah: Num. 4:21 tot 7:89.**

- ❖ **Liefde En Gehoorsaamheid**
- ❖ **Num. 4:21 tot 49** – Die Dienswerk Van Die Leviëte (Gerson En Merari)
- ❖ **Num. 5:1 tot 4** – ‘n Rein Laer
- ❖ **Num. 5:5 tot 10** – Onderrig Oor Vergifnis En Restitusie
- ❖ **Num. 5:11 tot 31** – Die Onderrig Oor Jaloersheid
- ❖ **Num. 6:1 tot 21** – Die Onderrig Oor Die Nasireërsgeefte
- ❖ **Num. 6:22 tot 27** – Die Priesterlike Seën

**Haftorah:** Rigters 13:2 tot 25 – Simson: Uiterlik Sterk, Maar Innerlik Swak.

**Hernieuwe Verbond:** Luk. 3:23; Matth. 8:1 tot 4; Mark. 1:40 tot 45; Matth. 5:27 tot 32; Hand. 21:17 tot 22:29; Rom. 13:9; 1 Kor. 6:9 tot 11; Gal. 5:19; Joh. 7:53 tot 8:11; Jak. 2:11.

*I would rather be working with people who know they are not worthy than those who think they are righteous – Joseph Dumond.*

*A true love of God must begin with a delight in his holiness – Jonathan Edwards*

<sup>1</sup> PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by [www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)

## Midrash (Torah Bespreking)

### Liefde En Gehoorsaamheid

Wanneer ons onself onderwerp aan YHVH se liefdevolle onderrig is onderstaande seëngebed sprekend van ons hartsverlange:

*Blessed art Thou, Yahuah our Elohim, King of the universe, who has made us holy through His commandments and commanded us to actively study Torah. Please Yahuah, our Elohim, sweeten the words of Your Torah in our mouths and in the mouths of all Your people Israel. May we and our offspring, and the offspring of Your people, the House of Israel, may we all, together, know Your Name and study Your Torah for the sake of fulfilling Your desire. Blessed are You, Yahuah, Who teaches Torah to His people Israel. Blessed are You, Yahuah our Elohim, King of the universe, Who chose us from all the nations and gave us the Torah. Blessed are You, Yahuah, Giver of the Living Torah, Yeshua HaMashiach (Bron Onbekend).*

Soos reeds in die vorige parashah genoem was, het Israel nou vir sowat 13 maande onderrig in Torah ontvang. Die boek van Numerie is die begin van hulle praktiese toepassing van dit wat hulle geleer het. Nie net het Moses hulle in Torah onderrig nie, maar hulle het ook in hierdie tyd verskeie demonstrasies van YHVH se almag en getrouheid eerstehands ervaar.

YHVH het Sy liefde vir Israel onteenseglik bewys, asook die feit dat Hy 'n getroue Verbondsgod is. Sal Israel hierdie liefde beantwoord deur vertrou en gehoorsaamheid? Onthou: Elkeen wat YHVH se Woord (Torah) gehoorsaam, beantwoord YHVH se liefde. Die liefde van Vader-God word in ons volmaak wanneer ons begeer en leer om volgens Torah te leef.

*Hieraan weet ons dat ons Hom ken, as ons Sy opdragte uitvoer. Hy wat sê: 'Ek ken Hom' en Sy opdragte nie uitvoer nie, is 'n leuenaar en die waarheid is nie in hom nie, maar wie ook al Sy woorde voortdurend uitvoer, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword, want hieraan weet ons dat ons in Hom is: hy wat sê dat hy voortdurend in Hom bly, vir hom is dit nodig om so te leef soos wat Hy geleef het. 1 Joh. 2:3 tot 6 – PWL.*

Num. 1:1 tot 10:10 is nog die laaste onderrig en instruksies voor Israel die tog na die Beloofde Land sal aanpak. Israel moet as 'n geheiligde (*kodesh*) en rein (*tahor*) gemeenskap, asook as eensgesind deur die wildernis na die Beloofde Land trek, anders sal YHVH nie hulle Beskermer en Voorsiener wees nie! Liefde vir YHVH en naasteliefde sal hulle redding en behoud wees!

### Bepeins of Bespreek

1. Tydens ons wildernistog het ons elkeen ons persoonlike stryd en swakhede. Daarom: *Unless we take command over our personal battlefields we may end up captives to our own weaknesses.* Dan moet ons ook onthou: *Life is not the way it's supposed to be. It's the way it is. The way we cope with it is what makes the difference.* Aldous Huxley het gesê: *Experience is not what happens to a man; it is what a man does with what happens to him.* Torah leer ons hoe om in oorwinning te loop, ongeag ons omstandighede. Ons

begeerte is om volgens Vader se wil deur die wildernis na die Bleoofde Land te trek. *To be "in the will of God" is not a matter of intellectual discernment, but a state of heart. Its motto is: My Father can do what he likes with me, He may bless me to death, or give me a bitter cup; I delight to do His will* (Oswald Chambers).

### **Num. 4:21 tot 49: Die Dienswerk Van Die Leviëte**

In parashah 34 het ons geleer dat die Leviëte, weens hulle getrouheid tydens die goue kalf gebeure, 'n uitgesoekte plek in Israel se samelewing ingeneem het. Vir hulle ywer om Israel teen afgodery te beskerm, het YHVH hulle die verantwoordelikheid vir die versorging van die tabernakel gegee. Hulle het ook die taak gehad om die volk in Torah te onderrig.

Die Leviëte het beide die volk en YHVH verteenwoordig en hulle was dus die geestelike leiers. Hulle was die middelaar tussen YHVH en Sy volk. Van die hele Israel was die Leviëte die naaste aan YHVH se Gemanifesteerde Teenwoordigheid.

Die getal van die Leviëte was 22 500 van 'n maand oud en ouer (Lev. 25:39, hoewel slegs diegene tussen die ouderdom van 30 en 50 dienswerk mag verrig het – 'n getal van 8 580 (Num. 4:48). Dit herinner ons daaraan dat ons die beste jare van ons lewe aan YHVH behoort te wy.

Levi het drie seuns gehad – Gerson, Kehat en Merari. Die afslaan en vervoer van die tabernakel was verdeel onder hulle en die seuns (ouderdomme 30 tot 50 jaar) van hulle families. Volgens die bevel van YHVH was hulle aangewys, elkeen vir sy diens en sy drawerk (Num. 4:49) en om weer die tabernakel op te rig.

In parashah 34 het ons ook geleer wat die taak van die Kehatiëte was, naamlik die dra van die verbondsark, die tafel met toonbrode, die menorah en die reukoffer- en brandofferaltaar (Num. 4:1 tot 17). Die Gersoniëte was verantwoordelik om die verskillende bedekkinge van die tent te dra (Num. 4:22 tot 28). Die seuns van Merari was verantwoordelik vir die dra van die style, dwarshoute, pilare, voetstukke en penne van die tabernakel (Num. 3:29 tot 33).

Die taak van die Kehatiëte het groter aanspreeklikheid vereis aangesien hulle die draers was van die inhoud van die heiligdom (van die hoogheilige dinge). Om daaraan te raak sou gewisse dood beteken het (Num. 4:15, 18 en 19). Dit is ook bevestiging dat hoe nader ons YHVH beweeg, hoe groter word ons aanspreeklikheid. Hierdie status van die Kehatiëte het egter ook gepaard gegaan met 'n meer arbeidsintensiewe taak aangesien hulle die hoogheilige dinge op hulle skouers moes dra – dit mag nie op 'n wa vervoer word nie.

Ons liggaaam is ook 'n tabernakel. Sommige se tabernakel is reeds afgebreek (sommige het gesterf), maar sal weer opgerig word by die opstanding van die dode wanneer ons 'n verheerlikte liggaaam sal ontvang (2 Kor. 5:1 en 2 Pet. 1:14). Dit sal dan nie meer 'n aardse tabernakel wees nie, maar wel 'n hemelse tabernakel – 'n verheerlikte liggaaam!!

### **Bepeins of Bespreek**

1. Het ons nie ook die verantwoordelikheid van die Leviëte nie, veral in die lig van Matt. 28:19? Om dissipels te maak is om 'n dienaar te wees (verteenwoordig die nasies voor YHVH) en om hulle te leer is om YHVH by die nasies te verteenwoordig. Ons vervul dus ook die rol van middelaar en volg die voorbeeld van Yeshua as YHVH se Middelaar.

2. Die dienswerk (taakoms krywing) van die Leviëte vestig weereens ons aandag daarop dat ons 'n God dien wat afgesonder (heilig) is en dat ons alleenlik met vrees (heilige ontsag) in Sy teenwoordigheid moet kom. In die lig hiervan kan ons wel vra of die 'chaos' wat dikwels by sogenaamde herlewings plaasvind wel getuig van mense wat in YHWH se teenwoordig was? Is 'lag in die gees', diere geluide, val in die gees, ensovoorts die Gemanifisteerde Teenwoordigheid van YHWH?

### Num. 5:1 tot 4 – 'n Rein Laer (Gemeente)

יהרה *het met Moshe gepraat en gesê: Beveel die seuns van Yisra'el om al die melaatses, almal wat 'n uitskeiding het en almal wat deur 'n lyk onrein is, uit die kamp uit weg te stuur.* Num. 5:1 en 2 – PWL.

Waar YHWH in die midde van Sy volk woon mag daar geen onreinheid (*tamei*) wees nie. Die gevolg van enige onreinheid in die laer is dat die hele laer onrein (*tamei*) is. Daarom was enige onreinheid in 'n baie ernstige lig beskou en was die onreine buite die laer (kamp, gemeente) afgesonder. Verwys ook na Levitikus hoofstukke 13 en 14 aangaande melaatsheid.

Alvorens Israel die tog na die Beloofde Land kan aanpak, moes die laer eers gereinig (geheilig) word en hierdie toestand moes te alle tye gehandhaaf word.

In parashah 27 en 28 het ons die volgende geleer:

Eerstens dat die bron (wortel) van onreinheid (*tamei*) en onheiligheid (*chol*) wat aanleiding gee tot 'melaatsheid' (*tsara'at*), met ander woorde van sonde (hoofsaaklik *lashon hara* – kwaadsprek) en wat kan manifesteer as fisiese melaatsheid is volgens 1 Joh. 2:15 tot 17 die volgende:

- ❖ die begeerlikheid van die vlees (van die liggaam en siel; drange en verslawings)
- ❖ die begeerlikheid van die oë (van die vyf sinne)
- ❖ die grootsheid van die lewe (lewenshoogmoed; te spog, meerderwaardigheid)

Hierdie drie is ons grootste vyand en moet oorwin word. Die folterdood van Yeshua, en die gawe van die Afgesonderde Gees, het dit vir ons moontlik gemaak om hierdie 'vyand' te oorwin. Verwys Romeine hoofstuk 6, veral verse 11 en 12.

Tweedens het ons geleer dat geen onreinheid in YHWH teenwoordigheid mag kom nie. Iemand wat *tamei* is se offer kon nie aanvaar word nie. So 'n persoon moes eers *tahor* word deur berou, belydenis, vergifnis en reiniging deur 'n *mikvah* (doop). YHWH het niks teen die persoon nie, maar teen dit wat skeiding bring tussen Hom en die mens. Persone wat *tamei* is, veroorsaak skeiding, nie net tussen YHWH en die persoon nie, maar ook tussen YHWH en die hele kamp.

Opsommend: 'n Lewe saam met YHWH mag nie gemeng word met die sonde realm (*tamei en chol*) nie. Die reine (*tahor*) en onreine (*tamei*) en die heilige (*kodesh*) en die onheilige (*chol*) kan nie gemeenskap hê nie. Daarom: Afgodsdienste kan nie gemeng word met diens aan YHWH nie. Dit is vreemde vuur (Nadab en Abihu – Lev. 10:1). *Tahor* en *tamei* is YHWH se onderrig en instruksies oor die dinge wat lewe gee en die dinge wat dood (geestelik en fisies) veroorsaak. Ons elkeen het die keuse tussen lewe en dood; daarom kies Lewe!!

*Ek roep die hemel en die aarde vandag as getuies teen julle; dat ek lewe en dood voor julle geplaas het, die seën en die vloek. Kies dus die lewe sodat jy kan lewe, jy en jou nageslag, Deut. 30:19 – PWL.*

## **Bepeins of Bespreek**

1. Daar word dikwels na Israel verwys as ‘n (die) *vergadering* of *die laer* (Gen. 49:6; Ex. 12:3, 6, 19 en 47; Num. 1:53 en Num. 5:2). Die woorde wat in Hebreeus hiervoor gebruik word, is *edah* of *qahal* en het ‘n soortgelyke betekenis as die Griekse woord *ekklesia* (gemeente), maar wat verkeerdelik as ‘kerk’ gebruik word. Ons kan dus sê dat geen onreinheid in die gemeente toegelaat word nie en dat diegene wat onrein is ‘uit die gemeente (laer) gestuur moet word’, want anders is die hele gemeente onrein. Hierdie toestand in ‘n gemeente staan as korporatiewe sonde bekend. Is dit nie ‘n hedendaagse probleem in die liggaam van Yeshua (‘die kerk’) nie, naamlik dat sonde verdra word?? Weet die prediker en ‘gemeentelede’ wat YHVH se definisie van sonde is? Verwys 1 Joh. 3:4 en 1 Joh. 5:17.
2. Het ons nie daarom ‘n verpligting teenoor mekaar, naamlik om deur belydenis en vergifnis ons van alle ongeregtheid te reinig (1 Joh. 1:9) alvorens ons as gemeente (vergadering) bymekaar kom nie?

### **Num. 5:5 tot 10 – Onderrig oor Vergifnis en Restitusie**

Reinheid vereis belydenis van sonde en die vra vir vergifnis. Reinheid is die toestand van versoening met YHVH – ‘n toestand waar alle sonde wat skeiding tussen Vader-God en die mens veroorsaak uit die weg geruim is (Ps. 51:4, 9 en 12; 1 Tim. 1:5; 2 Tim. 2:22). YHVH kan slegs in ons midde woon wanneer daar versoening (vrede) tussen Hom en ons is, asook versoening tussen ons en ons medemens is (Rom. 12:18 en Rom. 14:19). Om rein te wees moet ook in die lig hiervan gesien word, want die gevolge van oortreding teenoor ons naaste bring ook onreinheid. Daarom is enige oortreding teenoor ons medemens ‘n oortreding teen YHVH en moet daar vergifnis voor gevra word en waar moontlik ook restitusie (vergoeding) gedoen word.

Om vergifnis te ontvang, vereis ware berou oor die sonde en om dit dan voor God te bely met ‘n begeerte om dit nie weer te doen nie (Ps. 32:5 en 1 Joh. 1:9).

Sonder onderlinge vrede en sonder heiligmaking (reinheid) sal ons Vader-God nie sien nie. Slegs die wat rein van hart is, sal God sien (Matt. 5:8). Daarom moet ons die vrede met almal en die afsondering (heiligmaking) najaag, want sonder beide sal ons YHVH nie sien nie (Heb. 12:14). Volgens Hebraïse beteken *sien* om *te besit* en *te ervaar* (te ondervind). En daarom sal ons sonder vrede met ons medemens en sonder heiligmaking nie die seëninge van Vader-God ervaar nie! Om YHVH dus te sien is om die geluksaligheid van Vader-God te besit en te ervaar. *A defiled (onrein) heart cannot see God: but he must be pure who wishes to enjoy a proper view of a Pure Being.*

Onvergewensgesindheid veroorsaak ook ‘n toestand van *tamei* (onreinheid) en *chol* (onheiligheid). Daarom moet dit uit die laer (gemeente) verwyder word, want dit is dikwels ‘n wortel van bitterheid wat talle sal besoedel (Heb. 12:14 en 15).

Reinheid beteken ook geen onvergewensgesindheid en om niemand iets te skuld behalwe om mekaar lief te hê nie. Daarom: Vir YHVH om in die midde van Sy volk te woon, moet alle

verhoudinge tussen mense herstel wees. Dit beteken om mekaar te vergewe en om waar moontlik restituisie te doen, naamlik vergoeding van die volle skuld plus 'n vyfde waar 'n oortreding teen 'n persoon begaan is.

### **Bepeins of Bespreek**

1. Weereens kan ons vra: Is dit werklik die heerlijkheid (Gemanifisteerde Teenwoordigheid) van Vader-God wat ons ervaar in byeenkomste waar die vierde gebod doelbewus oortree word en waar daar seksuele sondes, broedertwis, ens. aanwesig is? Hoekom sal die heerlijkheid van God neerdaal indien die hele gemeente byvoorbeeld die vierde gebod oortree of waar seksuele sondes aanwesig is? Is dit nie dan mensgemaakte heerlijkheid nie?
2. Geen sondaar sal in die hemel toegelaat word nie, hoekom sal die mens dan in 'n sonde-toestand in YHVH se teenwoordigheid toegelaat word? Onthou: Sonde (*tamei* en *chol*) verblind die mens sodat hy God nie kan sien nie.
3. Hoe bring ons die heerlijkheid (Gemanifisteerde Teenwoordigheid) van YHVH terug in ons lewens en vergadering (gemeente)? Dink aan Dawid wat die verbondsark gaan haal het! Hy het geleer dat YHVH se heerlijkheid nie volgens eie goeie bedoeling teruggebring kan word nie, maar alleenlik volgens YHVH se voorskrifte!

### **Num. 5:11 tot 31 – Die Onderrig Oor Jaloersheid (Die Sotah)**

*Die priester moet haar laat naderkom en haar voor die Teenwoordigheid van יהוה laat staan. Die priester moet afgesonderde water in 'n erdepot vat en van die stof wat op die vloer van die tabernakel is, in die water gooi. Die priester moet die vrou voor die Teenwoordigheid van יהוה laat staan, die vrou se hare laat los hang en die herinneringsoffer op haar hande sit. Dit is 'n graanoffer van jaloesie. In die hand van die priester sal dit bitter water wees, wat 'n vloek bring. Num. 5:16 tot 18 – PWL.*

Owerspel en jaloesie is ook die oorsaak dat die laer (kamp) onrein word en daar dus verwydering tussen YHVH en Israel ontstaan. Soos reeds genoem kan YHVH nie in die midde van 'n onrein volk woon nie. Omrede owerspel gewoonlik in die geheim plaasvind, het YHVH aan Moses die onderrig en instruksies gegee hoe om die skuld of onskuld van 'n getroude vrou te bewys. Die bewys van skuld of onskuld is nie aan 'n mens(e) oorgelaat nie, maar YHVH self het op bonatuurlike wyse die skuldige uitgewys.

Volgens Rabbynse lering is die man wat aan owerspel skuldig was ook die doodvonnis opgelê [Talmud – Sotah 27b]. Judaïsme leer ook dat die onskuldige vrou 'n spesiale seëngebed ontvang dat sy voortaan pynvry geboorte sal skenk en dat haar kinders met besondere gewes geseën sal word.

Seksuele sondes is van die mees algemene sondes. Die emosionele skade weens huweliksontrou is verwoestend en dikwels die oorsaak van 'n wortel van bitterheid wat vinnig kan versprei. Dit is nie net die daad wat onreinheid veroorsaak nie, maar selfs seksuele onrein gedagtes is sonde.

*Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het. Matt. 5:28.*

Aan die folterpaal het Yeshua ook die water van bitter smart van die ontroue bruid namens ons gedrink.

### **Bepeins of Bespreek**

1. Wat is die definisie (beskrywing) van die getroue bruid van Yeshua? Wanneer pleeg die bruid van Yeshua owerspel? Ons het geleer dat die Verbond van die wet (Torah) wat YHVH by Sinai met Israel gesluit het die huwelikskontrak (*ketubah*) is. Word ons die ontroue bruid wanneer ons die huwelikskontrak moedswillig oortree?
2. Is ons as bruid ook bereid om getoets te word deur die water van bitter smart wat die vloek bring te drink? Hoe seker is ons dat ons hierdie 'toets' sal slaag?

### **Num. 6:1 tot 21 – Die onderrig oor die Nasireërsgeefte**

*יהיה* het met Moshe gepraat en gesê: *het met Moshe gepraat en gesê: "Praat met die seuns van Yisra'el en sê vir hulle: 'As 'n man of 'n vrou 'n buitengewone eed aflê, die eed van 'n Nazir, om hom aan יהיה toe te wy, moet hy hom van wyn en sterk drank weerhou; wynasyn en asyn van sterk drank mag hy nie drink nie. Hy mag ook geen druiwesap drink nie en geen vars of gedroogde druiwe eet nie. Al die dae van sy afsonderingskap mag hy niks eet van enige iets wat van die wynstok gemaak is nie, van die pitte tot die doppe.* Num. 6:1 tot 4

'n Nasireërsgeefte is 'n geefte van onthouding vir 'n bepaalde tyd wat 'n man of vrou vrywillig maak. Dit was nie verpligtend nie, maar 'n vrywillige keuse en het slegs gegeld vir die tydperk wat die persoon self op besluit het. Dit is 'n tydperk van 'spesiale' toewyding (afsondering) aan YHVH. Gedurende hierdie tydperk mag geen wyn gedrink of enige druiwe of enige deel daarvan geëet word nie. Al die dae van die geefte van die Nasireërskap mag geen skeermes oor sy hoof gaan nie (Num. 6:5). 'n Nasireërsgeefte is op 'n bepaalde wyse beëindig deur die voorgeskrewe offerandes en seremoniële handeling (Num. 6:13 tot 21).

Die doel van die Nasireërsgeefte is om 'opgelig' te word na 'n hoër vlak van intimiteit met en kennis van Vader-God. In die verband is dit belangrik om te onthou: YHWH is afgesonder (heilig, *set-apart*) en daarom sal enige een wat kies om hom- of haarself vir 'n bepaalde tyd af te sonder en toe te wy om sodoende die Vader se stem beter te hoor of om Hom beter te leer ken, na 'n hoër vlak van afsondering (heiligmaking) beweeg.

Verwysend na Hand. 18:18; 21:17 tot 22:29 leer ons dat toe Paulus valslik beskuldig was dat hy nie die wet van Moses hou nie, het hy sy Nasireërsgeefte wat hy tydens sy sendingreis gemaak het volgens die gebruik in die tempel vervul. Hierdie is verdere bewys dat Paulus, soos die ander dissipels, steeds Torah-gehoorsaam geleef het. Let veral op Hand. 21:19 en 20 dat duisende Jode gelowig geword het en almal was yweraars vir die wet!! Onthou, hierdie is 'n vertelling van gebeure ongeveer 20 tot 30 jaar na Yeshua se hemelvaart.

### **Bepeins of Bespreek**

1. Het Yeshua 'n Nasireërsgeefte gemaak toe Hy gesê het: *Ek sal nie weer van hierdie wyn drink alvorens Ek dit saam met julle in die Koninkryk van My Vader drink nie* (Matt. 26:29)?
2. Wat is die verskil, of ooreenkoms, tussen vas en die Nasireërsgeefte? Kan iemand vandag 'n Nasireërsgeefte aflê in die lig daarvan dat daar nie 'n tempel in Jerusalem is nie?

### **Num. 6:22 tot 27 – Die Priesterlike Seën**

(Die *Birkat Kohanim*)

*יהוה* het met Moshe gepraat en gesê: Praat met Aharon en sy seuns en sê: Op die manier moet julle die seuns van Yisra'el seën. Sê vir hulle: יהוה seën jou en onderhou jou; יהוה laat Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid oor jou skyn en gee vir jou onverdiende guns; יהוה lig Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid oor jou op en gee vir jou vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid. So sal hulle My Karakter en Outoriteit (Naam) op die seuns van Yisra'el lê en *Ék* sal hulle seën. Num. 6:22 tot 27 PWL.

Om 'n seën (seënbede; saligspreking) uit te spreek is om YHVH se goedheid en guns oor iemand (of groep) te verklaar. Dit het die krag dat die seën wat uitgespreek word, vervul sal word (waar sal word). Maar dit is nie 'n 'towerformule' nie! Die wil van YHVH is in die verband steeds soewerein. YHVH het dit egter beveel en daarom kan ons die waarde en krag van seënbedes nie gering skat nie.

Die mens (priester) is slegs die instrument in YHVH se hand. Daarom is dit die gebruik om die hande hemelwaarts op te hef wanneer hierdie seënbede oor 'n groep uitgespreek word. Op die wyse word aangedui dat alle seën vanaf YHVH kom en nie vanaf 'n mens nie. Die feit dat die woord *sê* ook drie keer in vers 22 gebruik word, is ook 'n herinnering dat YHVH die een is wat seën. Onthou: Alle goeie gewoes daal van bo af neer (Jak. 1:17).

Gebed is ook 'n tipe van seënbede en daarom skryf Johannes dat ons gebede verhoor word wanneer ons volgens Vader se wil bid (1 Joh. 5:14 en 15).

'n Seënbede is ook om Vader-God te vra om die persoon (of groep) met Sy beskerming en liefdevolle sorg te omvou. Ons vra, en vertrou, die Vader om op 'n positiewe wyse op te tree (in te gryp) in die lewe van diegene oor wie ons YHVH se seënbede spreek. Verwys Ps. 5:12 en 13; Ps. 28:9.

'n Vloek is uiteraard die teenoorgestelde van 'n seënbede en is die gevolg van ongehoorsaamheid aan YHVH se Torah. YHVH gee elke mens 'n keuse om te kies tussen seëninge en vloeke – tussen lewe en dood – en behels dus die keuse tussen die seën indien ons luister (*sh'ma*) na YHVH se gebooie en die vloek indien ons nie luister nie (Deut. 11:26 en 27).

Volgens Hebraïsme verwys die Naam YHVH (יהוה – Yahuah) na die hoedanighede van liefde en genade van Abba, terwyl Elohiem (God) verwys na die hoedanighede van geregtigheid en mag as Skepper-God. Wanneer die Naam YHVH op die kinders van Israel gelê word (vers 27), is dit dus YHVH se hoedanighede van liefde en onverdiende guns (genade) wat ter sprake is.

Die priesterlike (Hoofpriesterlike) seën behels die volgende:

- ❖ יהוה seën jou en onderhou jou – Dit dui op die fisiese en materiële dinge wat met Torah-gehoorsaamheid gepaardgaan en ondermeer in Deut. 28:1 to 14 beskryf word. Ons vra Vader-God vir Sy goedheid en guns, naamlik om in al ons behoeftes te voorsien. Maar ons vra Hom ook om ons te help om dit wat Hy deur Sy goedheid en guns voorsien het te bewaar (te onderhou) sodat die dief (satan) dit nie kan steel nie (Joh. 10:10). Die Hebreus vir onderhou is *sh'mar* en beteken om *te beskerm, te bewaak en wag te staan*. Volgens Judaïsme is liefdadigheid en goeie daede die beste wyse om jou materiële vermoëns te beskerm en YHVH se voortgesette voorsiening te verseker (Luk. 6:38). Let daarop: YHVH seën en onderhou **jou** en **nie** jou materiële vermoëns nie!!



- ❖ *יהוה laat Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid oor jou skyn en gee vir jou onverdiende guns* (YHVH sal Sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees): Twee aspekte is hier ter sprake, naamlik:
  - Dit is om te vra dat Vader-God stralend en glimlaggend na ons sal kyk soos ‘n trotse ouer na sy kind sal kyk. By implikasie beteken dit om YHVH te kan sien, maar ons kan Hom nie van aangesig tot aangesig sien nie. Ons kan egter wel deur Vader-God se onderrig en instruksies (Torah) Hom sien. Verder verwys *oor jou skyn* na die lig van Torah (Ps. 119:105 en 130; Spr. 6:3; Joh. 1:1 tot 14; 8:12; 9:5). Ons vra Vader-God dus vir die kennis en insig, asook die wysheid van Torah. Dit is om YHVH te vra om ons oë te open dat ons die wonders uit Torah kan sien (Ps. 119:18). Ons vreugde wat ons in Torah vind is die rede dat die Vader stralend en glimlaggend na ons kyk.
  - Tweedens vra ons Vader-God vir Sy onverdiende guns (genade), naamlik die vergifnis van sonde. Onverdiende guns beteken dat Vader-God vergewe en dan stralend en glimlaggend na ons kyk. Daar is geen ‘kwade gevoelens’ nie!! Deur geloof in Yeshua as Messias word ons hierdie onverdiende guns deelagtig en kry ons insae in die breedte en lengte en diepte en hoogte van YHVH Yeshua se liefde (Ef. 3:14 tot 20)
- ❖ *יהוה lig Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid oor jou op en gee vir jou vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid* (YHVH sal Sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede – shalom – gee): Wanneer jy iemand van aangesig tot aangesig sien, sal sy gesiguitdrukking sy gesindheid teenoor jou weerspieël. Hierdie deel van die seënbede sluit dus aan by: *YHVH sal Sy aangesig oor jou laat skyn*. Wanneer ons YHVH se onderrig en instruksies met vreugde ontvang en dit toepas, dan sal YHVH se Gemanifesteerde Teenwoordigheid oor ons skyn. Dan sal ons ‘n lewe in oorfloed ervaar (Joh. 10:10b). *Laat u aangesig skyn oor u kneg, en leer my u insettinge*. (Ps. 119:135).

Alle vorme van seënninge is nutteloos (waardeloos) sonder innerlike vrede. Yeshua is daardie vrede (shalom) wat alle verstand te bowe gaan (Fil. 4:7). *Shalom* beteken: vrede, kalmte, gerustheid, sekerheid, veiligheid, welsyn, behaaglikheid, welstand, tevredenheid, sukses, vertroosting, gerusstelling, gesondheid, heilsaamheid en integriteit. Daarom is die heel beste seënbede wat ons kan spreek een waar ons *shalom* oor die persoon (of groep) spreek. Dit is ‘n balans tussen die tydelike en ewige en tussen die fisiese (materiële) en die geestelike.

Yeshua het as Hoëpriester die priesterlike seën oor die dissipels gespreek net voor Sy hemelvaart (Luk. 24:50 en 51). Yeshua is die Prins van Shalom (Joh. 14:27 en 20:19; Jes.9:5 – Vredevors). Hy is die priesterlike seën van YHVH (1 Joh. 5:12).

Shalom is ‘n geskenk van *Shar Shalom* – die Prins van Vrede!!

Volgens Num. 6:27 is dit belangrik om Vader-God se Naam, naamlik YHVH (יהוה – Yahuah) op die kinders van Israel te lê!! Die Almagtige se Naam is nie Here of God nie. Nee, dit is slegs ‘n beskrywing van Sy hoedanighede!

In die lig van die verduideliking en betekenis van Lev. 6:22 tot 27 is Jay Christianson se weergawe van die priesterlike seënbede soos volg:

*May the Lord bless you with all the material prosperity you need, and may He protect it so that you can do good works, especially that you may have the time to learn His Word.*

*May He give you insight into His Word so that you can see the absolute wonder of Who He is, how He's causing all things to work for good in His plan, and through that, grant you favor with God and man.*

*May He top it off with everything you don't deserve but desperately need, everything that He is more than willing to give you through His covenant love and affection, and may you be overwhelmed entirely with His peace!*

[ 'n Kort verduideliking van die Hebreeuse betekenis van die priesterlike seën geskryf deur Ina van Niekerk kan afgelaai word by:

<http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2012/04/PriesterlikeSe%C3%ABn2013.pdf> ]

### **Bepeins of Bespreek**

1. Hoekom het ons dikwels 'n vrees dat 'n vloek wat uitgespreek word waar sal word, terwyl ons maklik twyfel of 'n seënbede waar sal word?
2. Die verkondigers van die voorspoedlering leer hulle volgelingen dat slegs geloof nodig is om YHWH se seëninge te ontvang? Maar luister wat is geskryf in Spr. 28:9!!

## **Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)**

### **Rigters 13:2 tot 25 – Simson: Uiterlik sterk, maar innerlik swak**

Na die dood van Joshua het Israel 'n lang tydperk beleef van herhalende siklusse van afvalligheid (Torah ongehoorsaamheid) wat onderdrukking deur Israel se vyande tot gevolg gehad en waarna Israel tot berou en inkeer gekom het om dan deur 'n God-gestuurde Rigger bevry te word. Hierdie tydperk kan opgesom word met die woorde: *In daardie dae was daar geen koning in Yisra'el nie; elkeen het gedoen wat reg was in sy eie oë* (Rigt. 21:25). Dit was 'n donker tydperk wat ons daaraan herinner van hoe maklik dit is om YHWH se liefdevolle onderrig en instruksies te verwerp en te glo dat dit ongestraf sal bly! YHWH is 'n regverdige Regter wat niere en hart toets (Jer. 11:20) – Hy is ewe getrou aan Sy seëninge as aan Sy oordele (strafgerigte).

YHWH is die Wetgewer (Oppergesag) en Hy het die mag om te red en te verderf (Jak. 4:12), want Hy is die Regter van die ganse aarde (Gen. 18:25; Rigt. 11:27). Daarom het Yeshua gesê:

*Moenie bang wees vir hulle wat die liggaam doodmaak, maar die gees nie kan doodmaak nie, maar wees eerder bang vir Hom wat die gees sowel as die liggaam kan vernietig in die hel.*

Matt. 10:28 – PWL.

Die geskiedenis van Israel bevestig by herhaling dat afvalligheid (Torah-ongehoorsaamheid) gestraf sal word, maar dat berou en terugkeer tot Torah (*teshuvah*) vergifnis, versoening en

seën tot gevolg het. Israel se geskiedenis bevestig dat YHVH 'n God van genade en van oordeel (strafgerigte) is!

Elke mens het goeie en swak hoedanighede. Elkeen moet deeglik van eie swak hoedanighede bewus wees met die doel om dit te oorwin. Indien ons nie ons swak hoedanighede oorwin nie, of minstens daarvoor heers nie, kan dit 'n binding word wat YHVH se seën weerhou of selfs tot ons ondergang lei. Soos reeds vroër genoem is: *Unless we take command over our personal battlefields we may end up captives to our own weaknesses*. Simson se lewe is bewys hiervan!

Simson was ook 'n mens met swak hoedanighede, waarvan sy liefde vir vroue bo aan die lys was en wat uiteindelik tot sy vernedering en ontydige dood gelei het. Hierdie swak hoedanigheid het egter nie YHVH verhinder om Simson as Rigter van Israel vir 20 jaar in die dae van die Filistyne te gebruik nie (Rigt. 15:20)! YHVH wat Alwetend is, het voorkennis gehad van al Simson se hoedanighede en sy uiteindelijke lot, en tog lees ons: *Die Gees van יהוה het begin om hom op te wek.....* Rigt. 13:25 – PWL.

YHVH laat toe dat mense met immorele waardes leiers word en kan hulle selfs gebruik om deel van Sy se plan uit te voer. Daarom is regeringsleiers dikwels 'n spieëlbeeld van die geestelike en morele standarde van die deursneë van die bevolking. Simson het nie soos vorige Rigtters, byvoorbeeld Debora en Gideon, Israel geheel en al van onderdrukking deur die vyand verlos nie. Nee, deur Simson het YHVH die onderdrukking van Israel deur die Filistyne slegs tydelik verlig deur te keer dat hulle totaal onderdruk word. Sodoende wou YHVH Israel se geestelike oë en ore open om hulle eie, asook hulle leier, se geestelike en morele verval te laat sien! Dit het as waarskuwing gedien dat Israel se voortgesette hardkoppige afvalligheid tot dieselfde oordeel as die van die Filistyne sal lei.

Ons Haftorah van die week vind aansluiting by ons parashah op grond van die Nasireërsgeefte. Simson se hele lewe was 'n Nasireërsgeefte – hy sou 'n nasireër van God wees [Die doel van die Nasireërsgeefte is vroër reeds bespreek]. Ons lees dat die Engel van YHVH het aan Manoag se onvrugbare vrou verskyn en gesê:

*Want kyk, jy sal swanger word en 'n seun baar, en geen skeermes mag op sy hoof kom nie; want die seun sal van die moederskoot af 'n nasireër van God wees, en hy sal Israel begin verlos uit die hand van die Filistyne.* Rigt. 13:5.

Nou kan ons wel die vraag vra: Hoekom het die nasireërsgeefte dan nie verhinder dat Simson toegegee het tot sy vleeslike begeertes nie? Die les wat ons uit Simson se lewe leer is dat die Nasireërsgeefte nie 'n waarborg teen wêreldse invloede of geestelike verval is nie!! Daarom waarsku die Apostel Johannes ons toe hy geskryf het:

*Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie, want alles wat van die wêreld is, die begeertes van die vleeslike liggaam, die smagtinge van die oë en die arrogansie van die tydelike lewe, is nie uit die Vader nie, maar is vanuit die wêreld. Die wêreld en sy begeertes gaan verby, maar hy wat die wil van God doen, leef voort tot in ewigheid.* 1 Joh. 2:15 tot 17 – PWL.

Ons moet Paulus se onderrig aan die Galasiërs ook ter harte neem:

*Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie; want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie.* Gal. 5:16 en 17.

Die Afgesonderde Gees is ons hulp en krag om ons innerlike swakhede te oorwin!! Sodoende kan ons oorwinning kry oor die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe (1 Joh. 2:16). Dan is dit 'n innerlike verandering wat uiterlik sigbaar sal wees. Alleenlik dan sal ons afgesonder vir, en toegewy aan YHVH in hierdie wêreld kan leef sonder om te swig vir die dinge van hierdie wêreld!!

### **Bepeins of Bespreek**

1. Simson, Johannes die Doper en Yeshua was vanaf geboorte Nasireërs. Is ons nie ook as te ware Nasireërs vanaf wedergeboorte nie? Onthou: die naam Nasireër is afkomstig van die Hebreuse woord *Nazrit* wat *afgesonder* en *toegewy* beteken. Word ons by wedergeboorte afgesonder en toegewy vir dienswerk aan YHVH?
2. Die volgende wyse woorde is waar in die lewe van Simson en kan so maklik waar word in ons elkeen se lewe: *The reputation of a thousand years may be determined by the conduct of one hour* – Japanese proverb. Ons woorde en daede sal uiteindelik ons nalatenskap bepaal!!

-0-0-0-0-0-0-0-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shalomgroete tot volgende keer.

Johan.

Epos: [kontak@nuweliëd.info](mailto:kontak@nuweliëd.info)

Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*